Atterbury Nasionale Klavierkompetisie
admin@atterburypiano.co.za

REËLS

Vereistes en program

Die Atterbury Nasionale Klavierkompetisie is vir jong mense onder die ouderdom van 20 jaar en sluit die volgende kategorieë in: 12 jaar en onder, 15 jaar en onder, 19 jaar en onder. Die ouderdomskategorie word bepaal deur die ouderdom van die leerder tydens die aanvang van die kompetisie, d.w.s. op 18 Oktober 2022.

Slegs Suid Afrikaanse burgers en persone met permanente verblyfsreg mag deelneem. Die kompetisie vind plaas oor vier rondtes. Alle deelnemers neem aan die eerste twee rondtes deel, waarna agtien semi-finaliste aangewys word.

Alle herhaal tekens mag uitgelaat word, behalwe in die geval van ‘n Da Capo. Geen klavierkonserte word toegelaat nie

Die rondtes word as volg saamgestel

1ste rondte
Een Barok - en een Romantiese werk.

2de rondte
Een klasieke - en een Moderne / 20ste Eeu / Impressionisties werk.

3de rondte
Twee kontrasterende werke: Enige werk van ‘n vorige rondte en ‘n nuwe werk wat nog nie voorgedra is nie.

4de rondte
‘n Program van twee werke uitgekies uit die vorige rondtes.

Tydsduur van rondtes

12 Jaar en onder

- 1e, 2e en 3e rondtes : ‘n minimum van 3 minute en ‘n maksimum van 10 minute.
- 4e rondte: ‘n Minimum van 3 minute en ‘n maksimum van 15 minute.

15 Jaar en onder

- 1e, 2e en 3e rondtes : ‘n Minimum van 5 minute en ‘n maksimum van 12 minute.
- 4e rondte: ‘n Minimum van 10 minute en ‘n maksimum van 18 minute.

19 Jaar en onder

- 1e, 2e en 3e rondtes: ‘n Minimum van 10 minute en ‘n maksimum van 15 minute.
- 4e rondte: ‘n Minimum van 15 minute en ‘n maksimum van 20 minute.

Oudisies

- Inskrywingsvorm moet aanlyn gestuur word. Sluitings datum; 31 July 2022.
- Oudisie video bestaan uit twee kontrasterende werke, met 'n maksimum tydsduur van 15 minute. Die twee werke moet egter deel uitmaak van die finale program wat gelewer word vir die kompetisie. Die opname moet van goeie kwaliteit wees, met fokus op die hande en gesig van die kandidaat. Alle werke moet gememoriseerd voorgedra word. Alle oudisie-opnames moet via “WeTransfer” gestuur word na admin@atterburypiano.co.za. Heg asseblief 'n boodskap aan, met die deelnemer se naam, ouderdomsgroep asook die titel en komponis se gegewens van die twee werke.
- Bewys van nie terugbetaalbaare inskrywingsfooi van R200.
  Bank besonderhede:
  Atterbury Trust
  Nedbank
  Takkode - 198765
  Rekening nommer - 1497004187
  Verwysing – PIANO/Van en geboortedatum
  GEEN LAAT INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD NIE
- Suksesvolle kandidate sal via e-pos laat weet word.
- Die 9 finaliste van die vorige jaar se kompetisie kwalifiseer outomaties, en hoef nie aan oudisies deel te neem nie.

Deelname aan die kompetisie

- ’n Maksimum van 45 deelnemers sal gekies word.
- Daar sal drie beoordelaars wees.
- Alle deelnemers sal deurentyd beoordeel word op grond van kwaliteit en musikaliteit van die optredes.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal.
  Die 18 semi-finaliste sal direk na die 2de rondte aangekondig word.
- Die 9 finaliste sal direk na die 3e rondte aangekondig word.
- Die wenners sal direk na die finale rondte aangekondig word.
- Die wenner van ’n ouderdomskategorie sal nie toegelaat word om weer in daardie kategorie deel te neem nie.